*LAERSKOOL CONSTANTIAPARK*

# ROOIKAT-NASKOOL: REGISTRASIE

## 1. PERSOONLIKE INLIGTING

Aanvangsdatum: 20/____

| INLIGTING: LEERLING | |
|---|---|
| Van: | Geboortedatum: |
| Naam: | Graad: |
| Noemnaam: | Voogonderwyser/es: |

| OUER-/VOOGINLIGTING | | |
|---|---|---|
| | VADER | MOEDER |
| Voorletters en van: | | |
| Noemnaam: | | |
| ID-nommer: | | |
| Huwelikstatus: | | |
| Beroep: | | |
| Werksadres: | | |
| Woonadres: | | |
| Posadres: | | |
| Telefoonnommer: Huis | | |
| Werk | | |
| Selfoon | | |

| MEDIESE BESONDERHEDE | |
|---|---|
| Enige ernstige siekte /allergie/ abnormale bloeding/ epileptiese aanvalle waarvan die Naskoolpersoneel bewus moet wees en waarna opgelet moet word:<br>******Indien u kind allergies is, vir bv. bysteek, verskaf asb. die medikasie met die nodige inligting.* | |
| Indien van toepassing, wat kan ons as personeel gebruik in 'n noodsituasie? | |
| Naam van medies / hospitaalplan: | Nommer: |
| Naam van hooflid: | |
| Dokter: | Telefoonnommer: |
| Kontakpersoon in 'n noodsituasie as ons u nie kan bereik nie: | |
| Naam: | Verwantskap t.o.v. leerling: |
| Tel. (H) | Tel. (W) |
| *NEEM ASB. KENNIS!*<br>*INDIEN U AS OUER OF KONTAKPERSONE NIE BESKIKBAAR IS OM U KIND TE VERVOER TYDENS 'N NOODGEVAL NIE, SAL 'N AMBULANS OP U KOSTE ONTBIED WORD, AANGESIEN ONS AS PERSONEEL NIE VRYWARINGSMAGTIGING HET OM U KIND TE VERVOER NIE.* | |
| **BYKOMENDE INLIGTING** | |
| Is daar enige bykomende inligting, van welke aard ookal, waarvan die Naskool bewus moet wees ten einde die plig om toesig oor u kind te hou, behoorlik te kan uitvoer? | |
| Dit is u as ouer se plig om die Naskool skriftelik van enige verandering van adres- en/of telefoonnommer in kennis te stel. Hierdie inligting is noodsaaklik ten einde u in geval van enige noodgeval te kan kontak. | |
| **BEPALINGS EN VOORWAARDES** | |
| Naam van persoon verantwoordelik vir die betaling van die Naskoolfooie: | |

Na ondertekening van hierdie aansoekvorm, verteenwoordig die bepalings en voorwaardes hierin vervat 'n ooreenkoms tussen u (hierna genoem ouer/voog) en Rooikat-Naskool (hierna genoem Naskool). Die Naskool is 'n privaat inisiatief en word nie gesubsidieer nie.

Hiermee verklaar ek:_______________________________________________(Volle naam en van) die

Ouer/voog van: ____________________________________________________________in Gr.:___/___ dat die persoonlike intigting soos aangedui in klousule 1, waar en korrek is, en dat ek die gemelde straatadres kies as *domicilium citandi et executandi.*

**Ek aanvaar, onderneem en/of neem kennis van die volgende voorwaardes en bepalings van Rooikat-Naskool:**

1. Ek onderneem hiermee om alles te doen wat nodig is om die Naskool in staat te stel om sy plig, om toesig te hou oor my genoemde kind, behoorlik uit te voer, en om te voldoen aan alle redelike opdragte en of/instruksies wat die Naskool van tyd tot tyd t.o.v. my kind mag gee.
2. Ek besef dat dit van uiterste belang is dat ek of die genoemde kontakpersoon te alle tye telefonies beskikbaar moet wees in geval van ‘n noodsituasie en daarom onderneem ek om enige veranderinge in my kontakbesonderhede onmiddellik onder die aandag van die personeel van die Naskool te bring.
3. Ek besef en aanvaar dat in terme van die Wet op Kindersorg 74 van 1983, 'n geneesheer of die hoof of personeel van die Naskool self magtiging mag verleen vir die verskaffing van dringende mediese behandeling of die uitvoering van 'n operasie indien hulle redelike gronde het om te glo dat dit noodsaaklik is om my kind se lewe te red of om my kind van 'n ernstige en blywende liggaamlike letsel of gebrek te red en dat ek aanspreeklik is vir die koste van die behandeling of operasie wat my kind ontvang of ondergaan het, asof ek daartoe opdrag gegee het.
4. Ek aanvaar dat alhoewel alle redelike voorsorgmaatreëls getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind, ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van enige mediese-, tandheelkunde- en/of hospitaalrekening wat voortspruit uit 'n besering van my kind wat nie ontstaan het a.gv. die nalatigheid van die Naskoolpersoneel nie.
5. Ek vrywaar hiermee die Naskool en personeel teen enige eis en/of aanspreeklikheid wat deur enige derdeparty ingestel mag word a.g.v. die bestaan van hierdie ooreenkoms en wat mag voortspruit uit die besering of dood van ‘n persoon of skade of verlies aan eiendom, hoe dit ookal mag ontstaan en wat voortspruit uit die uitoefening van die regte hierin verleen.
6. Ek onderneem om my neer te lê by alle reëls wat van tyd tot tyd deur die Naskool neergelê mag word, welke reëls as deel van hierdie ooreenkoms beskou sal word.
7. U word vriendelik versoek om die Naskool (012 761 9530) te skakel of ‘n e-pos te stuur aan naskool@rooikatnaskool.co.za, indien u kind nie die betrokke middag die Naskoolsentrum gaan bywoon nie. Hierdie reëlings geld ook indien u kind siek is.
8. Die maandelikse fooi per leerling is voor die eerste (1ste) van elke maand betaalbaar vir elf maande van die jaar (1 Febr. - 1 Des). Geen korting word toegestaan nie.
9. Die bankbesonderhede is: ABSA, Tjekrekening 3490147 046, Woodlands. U verwysing is die 4-syferfamiliekode en "RNS" vir Rooikat-Naskool. Indien u per debietorder betaal moet u versoek gestuur word aan me. Suzette Swanepoel by finansies@lscp.co.za.

9. Die Naskoolsentrum sluit om 17:30.

Indien iemand anders vir u kind kom afhaal, moet u asseblief vooraf reël of 'n skriftelike toestemming saamstuur.

Indien u kind die Naskoolsentrum gaan verlaat, moet u asseblief een kalendermaand skriftelik kennis gee. U is aanspreeklik vir die fooie van die betrokke kennismaand ongeag of u kind die Naskoolsentrum bywoon of nie.

10. Naskoolfooie verskyn op dieselfde rekening as die Skoolfonds. Skoolfonds is 'n statutêre verpligting en alle betalings ontvang word eerste aangewend vir skoolfonds en daarna vir rentes en invorderingskoste tot Skoolfonds en daarna vir uitstaande Naskoolgelde.

Ek onderneem om die Naskoolfooi as volg te betaal (merk die blok van toepassing).

MAANDELIKS ☐

VOORUITBETAALBAAR JAARLIKS ☐

VOORUITBETAALBAAR ☐

Ek maak van die volgende betaalmetode gebruik: Omkring die toepaslike keuse

KONTANT TJEK INTERNET BANKDEPOSITO ANDER

Spesifiseer ander: ________________________________________

**Betaaldatum:**

Indien ek in gebreke is met 'n maandelikse betaling, en versuim om sodanige agterstallige bedrag, sowel as enige daaropvolgende verskuldigde bedrag binne 'n periode van 30 dae te vereffen, aanvaar ek die volgende:

12.1 dat die Beheerliggaam die reg voorbehou om leerlinge die voorreg om die Rooikat-Naskool by te woon te ontsê, indien ouers versuim om die fooie te betaal of agterstallig raak met die betaal daarvan.

12.2 dat indien 'n prokureuropdrag gegee word om regstappe teen my te neem vir die invordering van enige verskuldigde bedrae, ek alle regskostes in hierdie verband aangegaan, op 'n prokureur-kliënt-basis sal betaal, insluitend enige invorderingskoste wat regtens gevorder mag word.

12.3 Ek aanvaar dat indien ek in versuim is om enige van die betalings en verpligtinge van hierdie ooreenkoms na te kom of uit te voer, of enige iets doen of toelaat dat dit gedoen word wat daartoe mag lei, dat die Naskool daartoe geregtig is om:

12.3.1 spesifieke nakoming en skadevergoeding te eis, of

12.3.2 die ooreenkoms te kanselleer en skadevergoeding te eis.

- Ek aanvaar dat geen toegewings of vergunnings deur die Naskool aan my gemaak of verleen, geag sal word as 'n afstanddoening van enige van die Naskool se regte kragtens hierdie ooreenkoms te wees nie en sodanige toegewing of vergunning sal nie geag word as 'n wysiging van die voorwaardes en bepalings van die ooreenkoms te wees nie.
- Ek stem toe tot die jurisdiksie van die landdroshof met jurisdiksie oor my persoon

  t.o.v. enige geding wat vanuit hierdie ooreenkoms mag voortspruit, ongeag die bedrag in geskil of waarde van goedere in geskil.

**Alle gelde is vooruitbetaalbaar.**

- Die aanvangsfooi is reeds betaalbaar aan die einde van November van die vorige jaar.
- U begin op 1 Februarie vir Februariemaand betaal en betaal dan tot 1 Desember (11 maande).
- Naskool is 'n privaat inisiatief en word nie gesubsidieer nie.
- Naskoolgelde moet voor of op die 1ste van elke maand betaal wees. Indien nie, verbeur u kind sy/haar plek in die Naskool. Aangesien dit ʻn jaarfooi is, is die bedrag ook betaalbaar tydens die April, Julie- en Oktober-skoolvakansie. Alle gelde wat nog op 1 Desember uitstaande is, sal aan die prokureurs oorhandig word vir invordering. Die regskoste sal van u verhaal word.
- Geen leerling word toegelaat vir die volgende jaar as daar gelde uitstaande is nie.
- Geen aanspreeklikheid vir gelde sal aanvaar word indien u nie die kwitansie kan toon nie.
- Geen gelde mag deur die Naskoolpersooneel ontvang word nie.

Gedurende vakansies is die Naskool oop, behalwe die Desemberskoolvakansie wanneer die Naskool gesluit sal wees.

Naskooldiens is vanaf 07:00 tot 17:30 gedurende skoolvakansies.

Kinders mag wel aan sport- en kulturele aktiwiteite deelneem gedurende die middag. Personeel moet op hoogte gehou word van tye wanneer kinders aan spesifieke aktiwiteite gaan deelneem, sodat streng kontrole uitgeoefen kan word.

Let asseblief daarop dat hierdie reëls streng toegepas sal word.

Indien u aansoek om toelating nie slaag nie, sal die kind se naam op die waglys geplaas word.

____________________________________

**Handtekening: Ouer/Voog**